Faksimilee

Fakse is hedendaags onontbeerlik. Rekenaars of ander kantoorapparaat het ingeboude faksfasiliteite.

Instansies ontwerp hulle eie voorblad of dekblad vir 'n boodskap, brief, kontrak of wat ook al versend wil word. Op die dekblad (cover page) moet jy die nodige inligting gee:

- aan wie die boodskap gestuur word
- die faksnommer
- van wie af die boodskap kom
- die datum
- die aantal bladsye wat weggestuur word
- die boodskap
- die telefoonnommer van die sender.

Die dekblad word dus die eerste blad wat gefads word en daarna volg die dokument, of dokumente wat jy wil faks.

FAKS

Aan: Hoërskool Jip de Jager
Vir aandag: Tennis organiseerder
Onderwerp: Seuns 3de liga tennis
Datum en tyd: 3 Februarie 2009, 11:45
Faksnommer: (021) 948 5598
Aantal bladsye, voorblad ingesluit: 2

Boodskap:

Hiermee wil ons graag die seuns 3de liga tennistoernooi bevestig wat op Donderdag, 5 Februarie te Hoërskool Pampoenkraal om 14:45 plaasvind. Vind asb. aangeheg die program vir die toernooi sowel as padaanwysings na ons skool.

Vriendelike groete
J. Stander
Tennisorganiseerder Hoërskool Pampoenkraal

Faks: (021) 948 3648
Tel: (0210 948 3647